# Hoor God in die stilte

**SONDAG, 7 APRIL**

09:00 & 18:30

*TREK WIT AAN*

fresh

# 1 KONINGS 19:1-21



Adobe Stock
#586313542

**Lees 1 Konings 19:1-21.**

Die profeet Elia het sopas ‘n magtige vertoning van God se almag op die markplein gehad – die volk het tot hul gode geroep vir vuur, sonder enige sukses, maar God het op Elia se roep reageer en ‘n magtige vuur gestuur wat die offer, klippe, grond en selfs die Baalprofete vernietig het. Dit was duidelik dat God die ware God is.

Terwyl Elia glo hy is op die kruin van sy loopbaan, dat hy niks meer oor het om te vrees nie, dat hy ‘n vry en magtige man is, stuur koningin Isebel vir hom ‘n boodskap om te sê sy is steeds nie klaar met hom nie – sy soek hom dood. Hy vlug na die berg Horeb (wat ook Sinai is waar Moses vir God ontmoet het) as ‘n teneergedrukte, platgeslane, depressiewe man opsoek na antwoorde.



Hoe kan jy vandag met Elia identifiseer?

Is jy iemand wat dinge gedoen kry, suksesvol is, betrokke en aktief, besig of aan die brand vir Jesus, maar jy voel moeg en alleen?

Voel jy depressief... Uitgesluit... Waardeloos...?

Voel jy dinge werk nie uit soos wat jy gedink en beplan het nie...?

Soek jy antwoorde vir jou probleme?

**God se antwoord vir Elia, en vir jou is RUS. STILTE. AFSONDERING.**

Elia het verwag dat dramatiese gebeure die mense gaan red en verandering te weeg gaan bring.  Hy het verwag dat God in die vuur, aardbewing, wind sou verskyn, want Hy het al op daardie maniere opgedaag.

Maar vir hierdie spesifieke tyd in Elia se lewe kort hy sorg, troos, genade, ondersteuning, sielskos en die teenwoordigheid van God.

**Ons moet stil raak en stop om God se teenwoordigheid en Sy wil te soek.**


DIS NIE VREEMD NIE!

Is dit vir jou moeilik om rustig te raak... Stil te raak?  Voel jy ongemaklik wanneer daar ‘n skielike stilte is?

Daar is niks vreemd en ongemaklik aan stilte nie!  Eensaamheid is ongemaklik, maar alleenheid in God se teenwoordigheid beteken jy fokus op Sy wil, jy vertrou op Hom en soek nie net iets van Hom af nie.

**Raak nou vir ‘n paar minute heeltemal stil.  Hoor jy iets?  Hoor jy God se stem hard en duidelik?  Hoor jy niks?**

Ons hoor nie altyd iets hard en duidelik van God af nie – die doel van stilte is om regtig net in Sy teenwoordigheid te wees en Sy nabyheid te ervaar – dit gee ons krag en nuwe perspektief!





DAAR IS ‘n ANDER STEM

In ons daaglikse ritme is dit baie moeilik om net te stop, af te vat, stil te raak.  Die wêreld en die skool en die gemeenskap en ons werke vereis te veel van ons.

God kom sê vir Elia – daar is ‘n ander stem as die waaraan jy gewoond is! Daar is ‘n ander manier as dit wat jy dink werk!

Dis die sagte, rustige manier wat in teenstryd staan met die rat race wat ons hardloop.

Die enigste manier hoe jy werklik God se fluistering kan ervaar, is om die ander stemme in jou lewe stil te maak.

- Luister jy te veel na wat ander mense van jou dink of sê?  Dalk moet jy hulle op “mute” sit!
- Plaas jy God in ‘n boks – verwag jy net dat Hy op een manier met jou moet praat?
- Wat dink jy het Hy vir Elia gesê toe die vuur alles afgebrand het?  Wat dink jy het Hy vir Elia gesê in die fluistering?
- Ons wil graag God se stem hoor, maar is ons bereid om te luister en gehoorsaam te wees?


TALK TO
THE HAND

"The real problem of the Christian life comes where people do not usually look for it. It comes the very moment you wake up each morning. All your wishes and hopes for the day rush at you like wild animals. And the first job each morning is to simply shove them all back; in listening to that other voice, taking that other point of view, letting that other larger, stronger, quieter life come flowing in. And so on, all day. Standing back from all your natural fussings and frettings; coming in out of the wind."

—*Mere Christianity,* p. 158


ME
MYSELF,
AND I

Elia het vir ‘n ruk gedink hy is die enigste profeet wat die werk kan doen. Hy het gedink hy alleen moet die wa deur die drif trek en dat sy dade die volk tot redding gaan bring.

Stilte met God het hom laat besef dit gaan nie oor hom nie.  En dat God ook ander mense kragtig kan gebruik.  Selfs vir Agab en Isebel.

Stilte bring jou tot nederigheid.  Stilte gee jou perspektief om aan ander te dink en daar te wees vir hulle.

Waar raak jy stil?  Wat doen jy in jou stiltetyd?

Hoe gereeld maak jy tyd om net niks te doen nie en in stilte te wees?

Watter dramatiese of traumatiese gebeure het daar dalk onlangs in jou lewe gebeur wat jou tot stilstand gedwing het?  Wat veroorsaak het dat jy weer jou verhouding met die Here, ander en jou perspektief op die lewe moet herbesin?

God se stem dwing ons tot stilte.  Partykeer trek hy die handbriek vir jou op!
Maar hoekom wag ons tot die vuur, die sterk wind en die aardbewing voordat ons luister?





# STILTE BRING VERANDERING

God doen wonderlike goed in ons lewe en deur ons lewe.  Ons sien die effek daarvan en dit maak God se hart bly.  Dis nodig om op te staan vir die verkeerde gedrag...

Maar wat die wêreld gaan red, wat mense se harte werklik gaan verander, is die sagte fluistering.

Baie keer mis ons hierdie stem van God, die Heilige Gees, want ons is te besig.  Maar dis ‘n stem wat baie belangrik is – dis die stem wat die ernstige dinge vir ons kom sê, wat ferm, maar genadig met ons praat, wat vir ons uitwys waar ons moet verander en verkeerd is.  Ignoreer jy met opset daardie stem van God?

Lees **Jesaja 30:12-18** en kyk veral na die volgende vers:

# JESAJA 30:12-18

"SO HET DIE HERE MY GOD, DIE HEILIGE VAN ISRAEL, GESÊ:

AS JULLE JULLE BEKEER EN TOT RUS KOM,
SAL JULLE GERED WORD.

JULLE KRAG LÊ IN STIL WEES EN VERTROUE HÊ."




Dis wat Jesus gedoen het – wonderwerke en genesing het mense baie opgewonde gemaak, maar nie die volk se harte verander nie – genade en die Heilige Gees het.

Daar was ‘n aardbewing toe Jesus aan die kruis gesterf het... Maar mense het aangegaan soos normaal.  Dis die diep gesprekke daarna wat mense se harte verander het.

Die stem van die Heilige Gees kom kla jou aan (op ‘n mooi manier), kom verander ons, help ons om God se woord te onthou, ‘n goddelike lewe te lei, gee ons krag, gee vir ons gawes en talente en padkos vir die pad!

As jy uit jou eie stoom uit gaan hardloop, gaan jy moeg raak!


WEES STIL
EN WEET
EK IS GOD
PSALMS 46:11

**HELP:**

- **Wat weerhou jou van afsondering met God?**
- **Hoe kan jy jou lewe prakties herorganiseer om ‘n ruimte vir God se fluistering te maak?**
- **Waar in jou kalender gaan jy tydmaak vir stilword?**
- **Hoe sal jy graag wil hê jou daaglikse ritme/ lewe moet oor ‘n jaar of twee lyk?**

**BID:**

- **Here, dankie dat U met ons praat op soveel verskillende maniere, maar veral in die stilte**
- **Here, help my om gehoorsaam te wees aan U wil en nie aan wat die wêreld se stemme van my vereis nie**
- **Raak nou stil voor die Here.**